SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 17 OKTOBER 2021

Goeie môre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za, terwyl die teks bulletins by https://sarlnewsbulletin.wordpress.com/ afgelaai kan word. Om by die Mailchimp bulletin e-poslys aan te sluit, stuur 'n e-pos aan die SARL Sekretaris.

In die Nuus vandag:

DIE SARL 40 METER RUIT VIERKANT NAELLOOP OP SATERDAG

DIE IARU STREEK 1 KONFERENSIE EN WERKWINKEL HET VRYDAG BEGIN

en

BACAR OM TE VLIEG OP 30 OKTOBER

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuus items.

DIE SARL 40 METER RUIT VIERKANT NAELLOOP OP SATERDAG

Die vyfde SARL 40 m Ruit Vierkant naelloop is op die lug van 12:00 tot 13:00 UTC (14:00 tot 15:00 SAT) op Saterdag 23 Oktober. Dit is 'n GG en foon naelloop, die uitruiling is 'n realistiese RS of RST verslag, jou Klub naam of afkorting en jou 4 karakter ruit vierkant.

Die Klub se roepsein mag gebruik word, maar die operateur mag nie ook onder sy/haar eie roepsein werk nie. Dien jou MS Excel logboek teen 23:59 SAT op Donderdag 28 Oktober in by 7p8dg@netactive.co.za. Kry die reëls op bladsy 65 van die 2021 Blouboek.

RADIO AMATEUR EKSAMEN OP 23 OKTOBER

Die RAE-span en die Raad wens die RAE-kandidate alle sterkte toe vir die komende RAE volgende Saterdagoggend. Daar skryf 124 kandidate by 21 verskillende eksamensentrums regoor die land. Ons wil ook ons dank uitspreek teenoor al die Klubs, opsieners, helpers en HF -beoordelaars wat dit moontlik gemaak het.

DIE IARU STREEK 1 KONFERENSIE EN WERKWINKEL HET VRYDAG BEGIN

Die IARU Streek 1 virtuele konferensie en die 'Vorming van die Toekoms' werkswinkel het op Vrydag 15 Oktober begin met die vergadering van Komitee 2 om

die geloofsbriewe van die Lidverenigings na te gaan, gevolg deur die eerste vergadering om die begroting van die Streek te bespreek. Die Openings-vergadering is Vrydagaand om 20:00 SAT gehou.

Die ' Vorming van die Toekoms' Werkswinkel het twee sessies gehad op Saterdag 16 Oktober – die Bekendstelling om 12:00 SAT en Module 1: Visie - ons ambisie vir amateur radio om 15:00 SAT. Op Sondag 17 Oktober om 15:00 SAT - Module 2: Visie - ons ambisie vir amateur radio. Op Maandag om 19:30 SAT is Module 3: Strategiese Doelwitte, Woensdag is Module 4: Sleutel stappe, struikelblokke, oplossings en Donderdag module 5: Aksies, mylpale, meetbaar en tydskale wat na Saterdag kan oorgaan. Op Saterdag 23 Oktober vergader Komitee 2 om die begroting vir Streek 1 te finaliseer. Die Afsluitings-vergadering vind om 15:00 SAT op Sondag 24 Oktober plaas met die C2 verslag aan die konferensie, die verkiesing van die nuwe Uitvoerende Komitee, die stemming vir die venue vir die volgende konferensie en die verslag van die G2BVN komitee aan die konferensie.

Nico, ZS6QL, Dennis, ZS4BS en Rassie, ZS1YT verteenwoordig die SARL tydens die konferensie-sessies, die Liga hou ook die volmag vir die Namibiese Liga. Vir die Werkswinkel-sessies is die SARL-span Nico, ZS6QL, Dennis, ZS4BS, Rassie, ZS1YT, Koos, ZR6KF, Guy, ZS6GUY en Hans, ZS6AKV.

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga.

BACAR OM TE VLIEG OP 30 OKTOBER

Die Secunda Amateurradioklub lanseer op Saterdag 30 Oktober 'n Ballon wat Amateur Radio dra (bekend as die BACAR-projek). Verskeie interessante loonvragte word voorberei, waaronder die nuwe AMSAT-SA AfriCUBE lineêre transponder, Stadig Aftas TV, 'n kruisband FM-herhaler en 'n ioon-dryfkrag wetenskaplike eksperiment. Amateurs van verskillende Klubs is by hierdie projek betrokke. Meer inligting oor die frekwensies wat gebruik sal word sal binnekort beskikbaar gestel word. Die Klub kan gekontak word via e-pos secradio@jenny.co.za vir meer inligting.

'N SPESIALE ROEPSEIN VIR HERDENKINGSDAG

Wapenstilstandsdag word elke jaar op 11 November gehou en 'n parade of seremonie vir Herdenkingsdag word gewoonlik gehou op die Sondag naaste aan 11 November. Hierdie jaar word dit gehou op 14 November 2021. As radio amateurs ondersteun ons graag die lede van die 'Memorable Order of Tin Hats (MOTHS).' Gedurende alle oorloë het kommunikasie 'n uiters belangrike rol gespeel. Alhoewel radio amateur toerusting gekonfiskeer of verseël is, het hulle steeds hul vaardighede en kennis gebruik om hul lande te help met die oorlogspoging.

'n Spesiale roepsein, ZS18MOTH, is verkry ter herdenking van die ondertekening van die wapenstilstand 103 jaar gelede. Omstreeks 05:00 op Maandag 11 November 1918 is die wapenstilstand onderteken in 'n spoorwegwa van die spesiale trein van Marshall Foch, geleë in die woud by Rethondes in Frankryk aan die Westelike Front. Om 11 uur op hierdie Maandag 11 November 1918 het die

gebrul van kanonne opgehou, toe daal vrede en stilte uiteindelik op die Westelike Front neer en die Eerste Wêreldoorlog eindig. Die roepsein verteenwoordig ZS = Suid-Afrika; 18 = 1918 die jaar toe die kanonne van die Eerste Wêreldoorlog stil word en MOTH = die 'Memorable Order of Tin Hats.'

Die roepsein is aktief vanaf 06:00 UTC op Donderdag 11 November tot 16:00 UTC op Sondag 14 November op 80, 40, 20, 15 en 10 meter. Op Sondag 14 November tussen 08:00 en 12:00 UTC, is ZS18MOTH aktief vanaf die Senotaaf in Mosselbaai ter ondersteuning van die MOTHS van die Blaize-away Bomskuiling. QSOs sal bevestig word deur 'n spesiale ontwerpte en gedrukte Herdenkingsdag QSL-kaart.

KOMPETISIE NUUS

Die e-posadres vir logstate vir die SARL 40 m Ruit Vierkant Naelloop en die SARL 80 m Klub Naelloop het verander. Die e-pos zs4bfn@mweb.co.za is gesluit, gebruik asseblief 7p8dg@netactive.co.za om jou logstate in te dien.

Daar was 24 deelnemers aan die ZS1 Naelloop wat op Sondag 26 September 2021 gehou is.

1ste Jan Botha, ZS4JAN - 87 punte

2de Gerhard Coetzee, ZS3TG - 86 punte

3de Marco Neu, ZS1NEU - 82 punte

Baie geluk aan die wenners.

Klubs wat kompetisies aanbied, word daaraan herinner dat veranderinge aan die reëls en kommentaar vir die 2022 Blouboek voor 25 Oktober by contest@sarl.org.za ingedien moet word.

Die CQ WW DX ESB kompetisie is 'n aktiwiteit van 48 uur wat op 30 en 30 Oktober 2021 plaasvind, terwyl jy die wêreld op 160, 80, 20, 20, 15 en 10 meter kan werk. Die uitruiling is 'n realistiese RS -verslag en jou CQ-sone, vir Suid-Afrika, dit is Sone 38. Vind al die reëls by https://www.cqww.com/. Die CQ WW DX GG kompetisie vind op 27 en 28 November 2021 plaas.

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag gaan wees. Tans is daar twee sonvlekgroepe sigbaar en daar is 'n klein moontlikheid van geringe C-klas sonfakkels.

Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van 4 vir die week gebruik. Radio amateurs kan laatmiddag goeie DX openinge op die 10 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Laastens 'n dagboek van 'n paar komende gebeure

19 Oktober - Die PEARS en Grens ARK vergaderings

21 en 22 Oktober - Die Orionids-meteoorstort

23 Oktober - die Radio Amateur Eksamen, die Kaapstad ARS vergadering en die SARL 40 m Ruitvierkant Naelloop

24 tot 30 Oktober - die Nasionale GG Spoed Week

25 Oktober - Voorleggings vir die 2022 Blou Boek

30 Oktober – die BACAR vlug

30 en 31 Oktober - die CQ WW DX ESB kompetisie

6 November - die RaDAR-uitdaging

11 November – Wapenstilstandsdag

11 tot 14 November – ZS18MOTH

13 en 14 November - die SARL VHF/UHF Analoog kompetisie en die WAE RTD kompetisie

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Die vyfde SARL 40 m Ruit Vierkant naelloop is op die lug van 12:00 tot 13:00 UTC (14:00 tot 15:00 SAT) op Saterdag 23 Oktober. Dit is 'n GG en foon naelloop, die uitruiling is 'n realistiese RS of RST verslag, jou Klub naam of afkorting en jou 4 karakter ruit vierkant.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuus diens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum vooraf gaan nie.

Luister elke Sondag oggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today." Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband deur Louis, ZS5LP en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Heruitsending aangebied deur Andy ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na 'n nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, geskryf deur Dennis Green, ZS4BS, geproeflees deur Johan de Bruyn, ZS6JHB en gelees deur .....

Van die Nuusspan, die beste wense vir die week vorentoe.